**SONDAG 1 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 4:32 – 5:11**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 4:33-35; 2 KORINTIËRS 12:9A**

## Ananias en Saffira: om uit genade te lewe

Ananias én sy vrou het pragtige name. Ananias beteken "die een wat genade van die Here ontvang het", en Saffira niks anders nie as "saffier" – die edelsteen wat die tweede van die 12 fondamente van die nuwe Jerusalem versier (Op. 21:19).

Hoekom het Ananias en Saffira gedoen wat hulle gedoen het? Ons moenie maar net vra hoekom hulle 'n deel van die verkoopprys agtergehou nie. Die eintlike vraag is: Hoekom het hulle die grond verkoop en besluit om die geld vir die kerk te gee? Een van die kenmerke van die eerste gelowiges was hoe hulle uit genade gelewe het. God se genade oor almal was groot en niemand het gebrek gely nie – wat hulle tot hulle beskikking gehad het, het hulle met mekaar gedeel. God se genade was vir hulle genoeg, en daarom was hulle ook mekaar genadig.

Ananias en Saffira het egter nie werklik genade geken nie. Hulle wou dit laat lyk asof hulle ook uit genade lewe, asof God se genade vir hulle ook genoeg was. Hulle wou ook soos Barnabas wees. Hulle optrede sê egter duidelik: Ons kan nie in afhanklikheid en vertroue op God lewe nie; ons soek ons eie eer; ons eie naam is vir ons belangrik. Dit word bevestig deurdat hulle deel van die verkoopprys agterhou. Dit sê hard en duidelik: God se genade is nie genoeg nie; ons het geld en aansien meer nodig. Daarom ontvang Ananias ook geen genade nie, en kan nie van Saffira gesê word dat sy vir haar man meer werd as edelstene is nie (Spr. 31:10). Hulle kon nie een hulle name gestand doen nie.

Om uit genade te lewe, is om op jou knieë te lewe, smekend, in algehele afhanklikheid van God. God wil "sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank" (HK So. 45, antw. 116). Alleen dan kan jy in vertroue op God lewe; Hom vertrou om in alles vir jou te sorg; jou alles te gee wat jy elke dag nodig het. In sy eie naam kan geen mens ooit bly staan nie. Redding kom in één Naam, die Naam van Jesus Christus: "Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Hand. 4:12).

Deur sy Gees woon Hy in elkeen wat in biddende afhanklikheid van God lewe, en sorg vir alles wat jy nodig het, sodat jy ook kan bely: God se genade is vir my genoeg.

*Sing: Psalm 9:9, 10*

*Ds. FJ (Frans) van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)*